# Gereformeerde Kerk Pietersburg

# Die Basuin

**18 Februarie 2018**

**Predikant:**
**ds. P.R. Gouws/ds. S.P. Venter**
**Pastorie: 015 296 1630/296 1840**
**Sel: 072 437 7938/082 809 0222**
**gouwspr@gmail.com of**
**sarel.pventer@gmail.com**

**EREDIENSTE:**
**09:00 en 18:00**

## Tema 2018 – *REFORMEREND VORENTOE*

**OGGEND EREDIENS** **ds. Retief Gouws**
**Skriflesing** **Haggai 1 [2-4, 7-8 & 13]**
**Tema** **"... herbou my huis sodat Ek my eer kan ontvang ..."**
Psalm 122: 1 [610]
Psalm 103: 1, 3 & 11 [504]
Psalm 104: 1 & 2 [510]
Psalm 4: 3 [14]
Psalm 107: 8, 9 & 10 [533]
Psalm 66: 5 & 6 [320]

Met 'n ekonomie wat druk moet 'n mens jou lewe en lewensstyl ook daarby aanpas. Ons kan nie maar net soos vroeër aangaan nie. Tog moet die fokus van ons lewe dieselfde bly. Met ons oë op God gerig moet ons in sy koninkryk bly dien. Maar in ons oorlewingstryd skuif ons nou dikwels ons nood en behoefte in die sentrum. God en sy saak moet al meer op die kant staan, maar ons verwag nog steeds sy seën oor ons lewe. Kom ons stel die Here eerste in ons lewe. Kom ons leef in afhanklikheid van Hom, gehoorsaam onder sy Vaderhand wat sorg. In Christus bou Hy ons tog op tot 'n pragpaleis wat Hom eer.

**AAND EREDIENS** **ds. Sarel Venter**
**Skriflesing** **Sagaria 3, Romeine 3, Openbaring 7: 13 - 17**
**Tema** **Die Here gee vergifnis**
Psalm 105: 1, 2
Psalm 103: 1, 2
Psalm 89: 1, 6
Om die orrel:
Psalm 42: 2, 5
Skrifberyming 9-4: 1, 4
Skrifberyming 11-1: 1, 8
Skrifberyming 16-1: 1, 2, 7

God se versoeningsdaad is vir die menslike verstand te groot. Hoe kan iemand in

vuil klere (in sonde) voor die Allerheilige God staan en dan nog vergifnis ook ontvang? Dit, geliefdes, is die wonder van die versoening in Jesus Christus. Die regsaak van God begin by die vuil en eindig by Sagaria wat 'n nuwe kleed ontvang. In Romeine 3 lees ons die inhoud van die vuil - sondes wat besmet. Die Nagmaalsformulier het 'n lys sondes wat ons verhouding met God en met mekaar verongeluk. Die Here roep ons tot bekering en gee die Heilige Gees om ons te lei. Alleen ware gelowiges bely deur die inwerking van die Gees dat hulle in Christus gereinig is.

- **Katkisasie**

  Die katkisasie het reeds verlede week begin. Al die jongmense moet asseblief ***in die konsistorie bymekaar kom*** vir die opening. Ons sal vir diegene wat nog nie weet wie hul kategeet is nie mooi wys. Ons tyd is baie beperk, so ons vra dat julle asseblief vinnig sal maak sodat ons kan begin met die lessies.

  Al die ***hoërskool*** katkisante moet onthou van ons ekstra (verpligte) katkisasieles na afloop van die eerste katkisasiesessie. Ons kom voor in die kerk bymekaar. Indien jy nie daar kan wees nie, maak asseblief verskoning by ds. Retief.

- **Gebeurtenisse hierdie week:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **18 Feb. 2018** | **Kollektes** | **Tydens erediens:** | Diakonale sorg |
| | | **By deure:** | Emeritaatsversorging |
| 19 Feb. | **18:00** | POD A1 – B4 | |
| | **19:00** | POD C1 – D5 | |
| 20 Feb. | **18:00** | Susterbestuurvergadering | |
| 21 Feb. | **18:00** | POD P1 – P8 | |
| | **19:00** | POD SWA A-B | |
| 22. Feb. | **18:00** | Ouderlingvergadering | |

- **Konsistoriediensbeurt 18/02/2018**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Diensbeurt:** | **B4 Hospitaalpark** | **Katkisasie:** | Gr. 3 |
| **Ouderling:** | Johan Snyman | **Diaken:** | Danie Grobbelaar |

- **Oog vir mekaar**
  - Piet Fourie kry DV Vrydag die uitslae van verdere toetse en sal dan weet watter moontlike verdere behandeling sal volg. Mag die Here jou en Alta die nodige krag en leiding gee in hierdie tyd.
  - Marthinus van der Walt gaan die week weer in om die olie uit sy oog te laat dreineer. Ons bede is dat die Here spoedige beterskap sal bring.
  - Martin en Nadia Ras het Donderdag, 15 Februarie ’n tweelingseuntjies (Martin Jr. en JJ) ryker geword en die gesin laat groei na 6. Baie geluk.
  - Ons bid vir en saam met die volgende lidmate:<br>Lida Borman het afgelope Vrydag met chemoterapie begin.<br>André Bakker wat nog vir die volgende week daagliks bestraling ontvang.<br>Santjie Bester wat weer aan die gevolge van kanker ly.

Ander lidmate wat aan erge stres onderworpe is en onder ander laste gebuk gaan.
Ons is baie dankbaar dat dit op die oomblik met Johnny O'Reilly beter gaan.

- **Attestaat ontvang**

  Geen.

- **Attestaat uit**

  Br. Louis Johannes van Wyk na GK Oudtshoorn.

- **Opgeneem in Gereformeerde Kerk**

  Geen.

- **Vertrek sonder attestaat**

  Geen.

- **Nuwe lidmate**

  Geen.

- **Algemeen**

- **Inkomste**

  Gemeente se inkomste vir Januarie: **R 170 736.29**. Die uitgawes was: **R216 377.21**. Dit beteken dat ons die jaar met **-R45 640.92** afskop. Die nuwe Finanskommissie doen 'n beroep op lidmate om hulle tiendes getrou af te dra om die erediens in stand te hou. Die Kerkraad moet nog besluit wat met die fondse van die Voortrekkerstraat se gebou gaan gebeur. Die nuwe sameroeper is Gary Carlisle. Ons bid die kommissie die seën van die Here toe op hulle werksaamhede.

- **Mediakommissie**

  Ons bedank die mediakommissie wat met groot ywer die sake rondom die witbord hanteer. Dit sluit ook die Facebook blad in. Ons is besig om al die elektroniese blaaie op te gradeer. Baie dankie vir almal se entoesiasme.

- **Beheerliggaam verkiesing**

  PHS se beheerliggaam verkiesing is DV Maandag, 12 Maart. Indien daar nie ’n kworum is nie, sal die tweede stemdag plaasvind op 19 Maart. Ons ouers moet hulleself asseblief verkiesbaar stel en deelneem aan die verkiesing. So kan ons help verseker dat ons kinders in ’n veilige, Christelike omgewing onderrig ontvang.

- **Padkafee**

Onthou ***PADKAFEE 16 Maart 2018*** by die kerk

Ons vra ***groot asseblief*** vir enige bydraes of hulp met voorbereiding en braai van hamburger patties.
Ons benodig gevriesde aartappelskyfies, kookolie, hamburgerbroodjies, patties, tamaties, slaai, uie, margarien, souse, melk en roomys. Kontantbydraes sal ook welkom wees.

Skryf asb. jou naam op die lys teen die kennisgewingbord indien jy ons kan help.

***Fondse gaan vir die diakonale sorg vir gesinne in nood in ons gemeente.***

Byvoorbaat dank
Linamari Slabbert (082 6845 145) en Karin Gouws (072 580 358**4)**

- **Dominee, sê my asseblief:**

Verlede jaar het van die katkisasie kinders (en hul nuuskierige ouers) ʼn voorstel gemaak dat ek ʼn weeklikse, kort stukkie in die Basuin plaas oor die werksaamhede en lewe van ʼn predikant. Vanuit die groepie kinders het ek reeds 26 vrae gekry om mee te begin:
**Vraag 2:**
**Hoe lank vat dit vir dominee om ʻn preek te skryf?**
Om ʼn preek te skryf verskil van predikant tot predikant, maar ook van Teks tot Teks. Hoe langer mens in die bediening is, hoe meer vooraf werk is daar om op terug te val en hoe makliker word die proses. Dit bly egter altyd ʼn groot taak en ʼn groot verantwoordelikheid. Die Woord moet tog suiwer gepreek, word sodat ons altyd kan hoor: “So sê die HERE Here...”. Ons moet daarteen waak dat die preek nie maar mensewoorde is nie (1 Tess 2:13). ʼn Teken van die tye gaan juis wees dat heelwat predikers nie meer die suiwere leer verkondig nie, en dat gemeentes vir hul predikers gaan kry wat net sê wat hulle graag wil hoor en wat fabels/stories vertel (2 Tim 4:3-4).

So hoe lank vat dit om ʼn preek te skryf? Vir my vat dit ***ten minste*** 15 ure om ʼn preek op skrif te sit. Hoekom so lank? Dit vat meer as net ʼn pen en papier om ʼn preek te skryf. Dis ʼn proses waar verskeie “stappe” nodig is om dit verantwoordelik vanuit die Woord te kan doen. ʼn Paar van die stappe is:

- Kyk na die konteks (binne bv. die hoofstuk, die boek en die res van die Skrif). Dan is daar die kultuurhistoriese konteks wat kyk na die tradisies en gebruike van die tyd, die geskiedenis ens. Ook is daar die Openbaringshistoriese konteks (waar pas dit in, in God se openbaring).
- Daar moet gekyk word na die teologie (kernbegrippe). Wat is die groot boodskap van die perikoop? Hoe vergelyk dit met ander Skrifgedeeltes? Hoe belig die belydenisskrifte dit?
- Ook word gekyk na die oorspronklike teks (Hebreeus/Grieks). Dit sluit in woordontledings en woordstudies. Watter werkwoord patrone is daar, hoe pas die sinne in mekaar, watter sinsbou en merkers is daar? Ens.
- Dis belangrik om ook te kyk na die Die-Eenheid in die teks. Wat word direk/indirek geleer/gesê oor die Vader, Seun en Heilige Gees?
- Watter feite word gegee? Watter opdragte word gegee? Watter beloftes is daar?
- Dit alles (en vele meer) word dan oorgebring (en toegepas) op ons as gemeente in ons besondere omstandighede vandag.

Dink deur die week in u gebede aan die predikante wat hierdie geweldige, en tog heerlike roeping het om die Woord vir ons eenvoudig te verklaar en aktueel toe te pas. Bid dat die Heilige Gees hul daarin sal lei, maar ook ons eie harte sal voorberei om Sondag te kan hoor wat die Here vir ons wil sê.

- **Koster**

Die Koster posisie is steeds beskikbaar en aansoeke kan by die kerkkantoor ingegee word of e-pos dit aan: gkerkpburgsuid@telkomsa.net

  - Die vergoeding is R3400 per maand
  - Eie vervoer is vereiste en uit die aard van die saak sluit dit ure oor naweke in

- **Susters**

- Teeskinkbeurte

| | |
|---|---|
| 18 Februarie: | Nita Schutte<br>Ansie Roets<br>Hilda Hattingh<br>Ina Hamman |
| 25 Februarie: | Magda Thiart<br>Betsie de Witt<br>Lienkie Hoogendyk<br>Sunette Snyman |

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

**Ons herinner weer die susters aan die saamtrek op Louis Trichardt op die 10de Maart. Hier is nog baie min susters wat aangedui het dat hulle gaan.**

- **Beroepenuus**


**BEROEPE ONTVANG**

- Proponent JAG Henning (Kosie) na Harrismith.
- Ds GJJ van der Merwe (Giepie) van Durban-Noord na Pretoria-Annlin as medeleraar.
- Proponent JPL van Jaarsveld (Vickus) na Krugersdorp-Wes/Magaliesburg-kombinasie.

**BEROEPE AANVAAR**

- Ds GJJ van der Merwe (Giepie) van Durban-Noord na Pretoria-Annlin as medeleraar.
- Ds PD Mqokolo (Piet) van Tshing na Ikageng Bophirima
- Proponent JAG Henning (Kosie) na Harrismith.

## PROPONENT NOG BEROEPBAAR



Ek is gebore op 19 Junie 1990 in Bloemfontein. Ek het grootgeword in Koster en in 2007 belydenis van geloof afgelê in die Gereformeerde Kerk Koster. Ek matrikuleer in 2008 te CVO-Derby. Dit is ook in hierdie jaar wat ek geroepe voel om teologie te gaan studeer en in 2009 meld ek aan vir teologiese studies in Potchefstroom. Tydens die duur van my studies is ek lidmaat van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom en dit is ook hier waar ek my vrou, Anelda, ontmoet. Sy het in 2009 gematrikuleer aan Potchefstroom Gimnasium en voltooi daarna haar B.Sc. asook haar Nagraadse Onderwyssertifikaat. In 2015 raak ons verloof en in Junie 2016 trou ons. In Augustus 2017 handel ek die laaste praktiese gedeelte van my studies af, waarna ek deur die genade van God deur Klassis Molopo beroepbaar gestel word. In my vrye tyd doen ek graag houtwerk of enigiets skeppend met my hande. Ek en my vrou is baie lief vir diere, vandaar ons 8 maande oue Jack-Russell, Lilly. Ons beoog om diensbaar te wees daar waar die Here ons wil gebruik, tot eer van Sy Naam

- **Bybelstudie**

Die lys van Bybelstudiegroepe wat elke week vergader is soos volg:

| Groepleier | Tyd | Plek |
|---|---|---|
| Gideon de Klerk (082 805 8947) | Sondag, 10:30 | Van huis tot huis |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Dinsdag, 09:30 | Bendor Pastorie |
| Johan van Biljon (082 388 2117) | Woensdag, 18:00 | Van huis tot huis |

| | | |
|---|---|---|
| Annemarie Bakker (082 484 6267)<br>of<br>André Bakker (083 457 1711) | Woensdag, 19:00 | Herculesstraat no.6 |
| Flippie Hoogendyk (082 695 0799) | Sondag, 11:00 | Van huis tot huis |
| Alta Theron (015 – 296 2168) | Donderdag, 09:00 | Wesselstraat no.148 |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Donderdag, 18:30 | Bendor Pastorie |

**Elke lidmaat in die gemeente word uitgenooi om in te skakel by een van die Bybelstudiegroepe. Dit is waar ons mekaar regtig leer ken, vriende word en mekaar ondersteun, waar die Christelike liefde spesiaal ondervind word.**

Indien daar lidmate is wat individueel of in gesinsverband wil huisbesoek doen, het ek 'n paar wat ek vir julle kan aanstuur. My adres is: altatheron@vodamail.co.za

Gebed
Daniël
Joël
Maleagi
Miga
Nahum
Groei in die Gees
Openbaring
Dood en hiernamaals
Jakobus
Die duiwel maak sin
Hebreërs
Die lewende kategismus

- **Plasings in die Basuin**

  Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met sr. Lynda Both kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per epos na die kerk se e-posadres stuur. **Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**

# Kalender

***Verjaardae***

| Datum | Naam | Belydend/Doop | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| So. – 18 Feb. | Kenneth Bernhardi<br>Mignon Potgieter | B<br>D | 082 449 7482<br>084 505 3830 |
| Ma. – 19 Feb. | Ina Booyens<br>Neels Botha *<br>Lettie Coetzee **<br>Adri Venter | B<br>B<br>B<br>B | 078 682 8555<br>082 809 0408<br>072 375 0422<br>060 522 0296 |
| Di. – 20 Feb. | Pierre Jansen v Rensburg<br>Matthew Llewellyn<br>Veronica Schutte | B<br>B<br>B | 072 201 9999<br>078 725 4591<br>072 484 9623 |
| Wo. – 21 Feb. | Albie Olivier | B | 082 853 5470 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Vr. – 23 Feb. | At Cronje ** | B | 072 741 1895 |
| | Melandi Gouws | D | 015 296 1630 |
| | Anita Korff | B | 083 301 9044 |
| Sa. – 24 Feb. | Ruben Krüger | B | 015 296 3222 |
| | Pieter Nieuwoudt | B | 073 416 1297 |
| | Johnny O'Reilly | B | 082 854 9151 |

**Huweliksherdenkings**

| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare getroud** | **Sel/Tel no.** |
|---|---|---|---|
| 21 Feb. 1981 | Flip en Karien Nell | 37 | 083 302 1802 |
| 22 Feb. 1992 | Marius en Anina du Preez | 26 | 083 414 4182/082 378 5127 |

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
**Tydelike koster:**
Cassie Carstens
081 354 3400

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581
Marisa Linde
083 408 2100
Renchia Grobbelaar
072 634 3442

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Lynda Both |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | gkerkpburgsuid@telkomsa.net |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg-Suid** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |